MURRAYSBURGER

Murraysburg
a beautiful secret

The secret is out!

Go to www.murraysburg.co.za

The Murraysburger is now also available on the website. Hard copies at Kays, Butcher, Co-op & Victory Hill

Contact details on page 2

Des 2011
R3.00
No 9

Uiteindelik 'n eie voertuig!

Murraysburg - Danksy die Lotto het Huis Spitskop uiteindelik weer 'n eie voertuig nadat dit die afgelope ses jaar moeite gehad het om inwoners na die hospitaal en elders heen te vervoer. As die inrigtingshoof, Ettienne Terblanche, nie goedgunstig sy privaat voertuig gratis in diens van die ouetehuis gebruik het nie, sou die inrigting groot probleme ondervind het. Nie elke inrigtingshoof sou dit uit sy eie gedoen het nie en die beheerraad is hom baie dank verskuldig.

Aangesien Huis Spitskop, soos alle ouetehuise, groot probleme het om met die beskikbare geld 'n goeie diens te lewer, is daar by die Lotto vir geld vir 'n voertuig aansoek gedoen. Nadat dit goedgekeur is, het verskeie beheerraadslede, maar veral Maretta Theron, baie navorsing gedoen en was die beste koop op dié sta-dium 'n Nissan dubbelkajuit, wat toe ook aangeskaf is. Die raad is baie dankbaar dat die inrigtingshoof nie meer sy eie voertuig hoef te gebruik wanneer personeellede verpligte kursusse in Beaufort-Wes moet bywoon nie, afgesien van die byna daaglikse ritte na die plaaslike hospitaal.

Sonder Lottotoewysings, wat vir spesifieke sake soos byvoorbeeld die herstel van die waterstelsel en die aankoop van die voertuig gebruik word, sou Huis Spitskop nie sy deure kon oophou nie !

Alna Theron en haar helpers aan die werk

Suster Mbanjwa en mev. Johanna van Rheede, voedselbestuurder, by Huis Spitskop se nuwe Nissan-dubbelkaiuitbakkie

Dit is ware naasteliefde

Murraysburg - Sommige mense was ander se voete eenmalig in die openbaar om om vergiffenis te vra of selfs as politieke gebaar, maar Alna Theron en haar twee helpers, Tries Rank en Griet Berg, bederf die inwoners van Huis Spitskop al die afgelope twee jaar so in die stilligheid.

Vrydaenamiddag daag die drie vroue gewapen met skottels en rome by Huis Spitskop op en word elke inwoner se voete met die grootste toewyding en liefde versorg. Nie net is die was, masseer en invryf van room 'n aangename ervaring nie, maar bo alles voel die inwoners, wat dikwels deur hulle eie mense vergeet word, spesiaal en menswaardig. So tussen die werkery deur word daar gesels en gelag en is Vrydagmiddag in Huis Spitskop 'n hoogtepunt.

Alna Theron en haar helpers gee nie net tyd en aandag aan mense wat deur die samelewing vergeet is nie, maar dit is ook 'n wesenlike uitgawe om so deurlopend vyftig persone se voete te versorg. Langs hierdie weg wil die Beheerraad en inwoners van Huis Spitskop die drie vroue vir hulle vrywillige en onbaatsugtige diens bedank en vertrou dat hulle erkenning en waardering in die oë van die oues, siekes en gestremdes sal lees!

BRIEWE/LETTERS

TEL/FAKS: 049 844 0135 **SMS**: 072 2163 115 / 082 5093 120
EPOS: maritatheron@mweb.co.za / jenny_ballantyne@telkomsa.net
POSADRES: Voortrekkerstraat 30, Murraysburg, 6995

Skuilname mag gebruik word, maar alle briewe moet vergesel wees van 'n naam, adres en handtekening.
Die redaksie behou die reg voor om briewe te verkort of te verwerp. Die sperdatum vir bydraes is middel van die maand.
Pseudonyms may be used, but all letters must be supported by a name, signature and address.
The editors reserve the right to edit or reject letters. The deadline for contributions is middle of the month.

VAN DIE REDAKSIE ……..

Hallo daar

Ek hoop julle geniet dit netsoveel om die Murraysburger te lees as wat ons geniet om dit op te stel. Daar gebeur so baie dinge in en om hierdie klein dorpie dat vriend en vyand verbaas staan! Iemand wat onlangs deur die dorp gereis het, het vir ons gesê 'what a sad little town'. 'Sad' ja, want hier bly baie arm mense, maar die reisiger weet definitief nie van al die planne vir die dorp en die energie daaragter nie – die mense hier KOOK en dis nie net kos nie!

So van kos gepraat, ander nuus is dat 3 Susters nou oorgeskuif het na Gert Swiegers se ou huis, skuins oorkant Kays Kafee. Hier is Jenny en ek nou van plan om lekker te bak en te brou. Ons hoop om so van begin Desember af goeie koffie en heerlike koek te bedien asook allerhande ander tuisgemaakte lekkernye. Ons sal ook klein funksies of vergaderings kan fasiliteer en sodra ons 'n landlyn het, kan ons internet fasiliteite en ander besigheids-dienste aanbied. Hou hierdie spasie dop!

Nog steeds oor kos: 'n Weldoener wat nie sy naam bekend gemaak wil hê nie, het 'n skenking gemaak om kos aan kinders wat gedurende die kwartaal deur die skoolvoedingskema gevoed word, oor die vakansie (10 Des tot 1 Jan) van 'n voedsame maaltyd per dag te voorsien. Die projek behels 1463 kinders en 'n totaal van 33 649 maaltye wat 'n geweldige logistieke uitdaging is. Verskillende denominasies het egter hulp en vrywillige werkers aangebied.

Ten slotte, aan almal wat weggaan oor die vakansie, geniet dit en kom veilig tuis. En diegene wat met Jan Tuisbly se karretjie ry, kom ons 'woon mooi skoon' en pas ons kinders en diere op.

'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar vir almal!

Marietta

PROFIEL VAN DIE MAAND

JOHNADENE JERANOMO DU PLOOY

Die mense in Murraysburg ken hom as Jorra. Hy is hier op Murraysburg gebore en stam af van die Wagenaar familie.

Johnadene, oftewel Jorra, het sy skool loopbaan in 2008 voltooi en hou homself sedertdien besig met die opheffing van die jeug deur veral sport.

Johnadene was voorheen betrokke by LOVELIFE maar tans is hy ingeskakel by HOOPS4HOPE, 'n 'Basketball Life Skills' organisasie. Hy is ook 'n Basketball afrigter nadat hy jare lank in die Oos-Kaap basketball gespeel het en ploeg nou sy ervaring terug in die dorp. Johnadene is altyd besig om aktiwiteite te reël vir die jeug soos fietsrywedrenne, vlugbal, sokker, 'ultimate frisbee', oefeninge, uitstappies, ensovoorts en help gereeld met die sportprogramme by die Hoërskool. Ook met programme vir die bejaardes is hy altyd gewillig om te help.

Johnadene het ook ontpop as 'n skrywer en digter in Afrikaans en Engels. In 2005 het hy erkenning gekry toe hy aangewys is as een van die 5 beste gedigskrywers in Suid-Afrika. Sien sy gedig oor Aids op bladsy 5.

In sy vrye tyd is hy ook betrokke by die Murraysburger en die nuwe koerant, DIE KAROO STEM. Hy lees graag, skryf gedigte, kampeer, toer en doen rekenaarwerk. En natuurlik is hy altyd te vinde vir speletjies, grappe maak en lekker eet! Dit is duidelik dat hy baie gewild is by die jeug.

'n Boodskap van Johnadene: '***Aan almal in die dorp, geniet die vakansie, and stay safe want ek is lief vir julle. Mag onse vader Jesus julle seën en beskerm. JOHNADENE (JORRA).***

Johnadene besig met die jong mense van Murraysburg

Murraysburg Omgewingsforum spring aan die werk

Murraysburg – Die nuwe Omgewingsforum onder leiding van ds. André Louwrens met mnr. Phumezo Nakani van Beaufort-Wes as sekretaris, is vasberade om 'n verskil in die gemeenskap te maak. Afgesien van die opruim en bewaring van die omgewing wil die forum die gemeenskap, veral dan ook die jeug, motiveer om die agteruitgang van die dorp en sy hulpbronne om te keer.

Die forum se konstitusie is opgestel en 'n sub-komitee onder leiding van Frikkie MacPherson het die opdrag om tydens die November-vergadering met finale afrondingsvoorstelle te kom sodat die konstitusie aanvaar kan word. 'n Ontbindingsklousule sal nog volledigheidshalwe bygevoeg word.

John Swanepoel, wat die Hoërskool verteenwoordig, het reeds baie navorsing omtrent die saampers van afvalpapier vir die maak van stene, wat in plaas van hout, vir vuurmaak gebruik kan word, gedoen. 'n Prototipe pers word op die oomblik gemaak en die doelwit is om so 'n steenmaker aan verskillende persone in bepaalde wyke in die dorp te voorsien. Hulle moet die papier versamel, die stene maak en die eindproduk dan goedkoper as hout aan die inwoners verkoop. Al is dit 'n klein begin, word gehoop dat dit inwoners sal ontmoedig om onwettig in die dorp en op omliggende plase hout te stroop.

Die forum is bekommerd oor die baie persone wat vir die maandelikse uitbetalings van staatstoelaes na Murraysburg stroom, hulle ware hier verkoop, die geld op een dag verdien, uit die dorp neem en groot hoeveelhede rommel agterlaat. Plaaslike besighede, wat deurlopend in die inwoners se behoeftes voorsien, word so geknou. Alhoewel die vryemarkstelsel nie ondermyn moet word nie, sal Fine Ngqolelani, 'n gesiene gemeenskapsleier, voor die volgende vergadering die wetgewing raadpleeg en 'n voorstel in dié verband op die tafel lê.

Ronnie Klink berig namens die munisipaliteit dat spesialiste ten opsigte van die opknap van vervalle geboue vanaf Beaufort-Wes sal kom om met die eienaars van sulke geboue oorleg te pleeg ten einde die geboue óf te sloop óf te herstel.

Die kontrakteurs verantwoordelik vir die oorspronklike installering van die rioolstelsel het nie die voorgeskrewe dikte pype gebruik nie met die gevolg dat die verstopping en oorstroming van riool 'n groot gesondheidsrisiko vir die dorp inhou. Die ingenieursdepartement van die Beaufort-Wes munisipaliteit is bewus van die probleem en probeer noodfondse verkry om die hele stelsel op te gradeer. Die sekretaris van die forum sal egter weer eens die probleem per brief onder die dringende aandag van die munisipaliteit bring.

Izak van der Merwe van die plaas Badsfontein se voorlegging van 'n 3 in 1 –projek van laegraadse wol, wat sommige boere gratis sal skenk, het baie byval gevind. Daar word beoog om 'n item wat as kussing, drasak en kombers gebruik kan word, te maak. Hierdie projek moet in Murraysburg werk skep. Al moet die wol eers in Uitenhage gewas word, sal dit in Murraysburg gespin, geweef en verwerk word. Die volgende stap is 'n projekbeskrywing en kosteberaming. Jenny Ballantyne sal met belangstellendes skakel en sal ook uitvind teen watter prys so 'n item verkoop kan word.

W.R. Avenant, 'n opgeleide boomdokter, sal genader word om hulp te verleen met die conifers wat in die dorp kwyn, terwyl die munisipaliteit versoek sal word om met die eienaars van die bokke, wat die dorp se tuine verniel, tot 'n vergelyk te kom.

Al die rolspelers in die herwinningsproses, wat deur die munisipaliteit gedryf word, is aldus Elsabé Louwrens op die oomblik gelukkig. Wanneer die munisipaliteit binne die volgende weke soos beloof die verstopte voor, wat water aan die dorp noord van Voortrekkerstraat moet voorsien, oopmaak, sal die inwoners in daardie deel weer kan tuinmaak en veral groente kan plant, soos wat vroeër die geval was.

Indien al hierdie projekte suksesvol uitgevoer kan word, het die forum sy eerste treetjies om 'n gesonder omgewing te skep, gegee. Al is die begin klein, word geglo dat die gemeenskap tot respek vir en bewaring van die omgewing opgevoed kan word.

TUINBOUKLUB WIL ENTOESIASME WYER LAAT UITKRING

Murraysburg - Lede van die Tuinbouklub het die afgelope week nie net ou buitebande en sakke vol doringboomgrond aan 'n paar belangstellende huishoudings in die dorp uitgedeel nie, maar ook hulle entoesiasme om in beperkte ruimte tog iets te plant, te sien groei en uiteindelik self te oes, versprei.

Na aanleiding van 'n berig oor Johannesburgse woonstelbewoners, wat in ou buitebande op hulle gebou se dak groente plant, het lede van die tuinbouklub goed gereageer op die versoek om ou buitebande en sakke vol doringboomgrond by 'n sentrale plek in die dorp af te laai. Die voorsitter, Susanna van der Merwe, en Karin Reynolds, die jong sekretaresse van die klub, het belangstellendes in die woonbuurt identifiseer en hulle gehelp om pampoen- en skorsiepitte in die buitebande te plant. Op hierdie wyse word min water benodig en kan selfs skottelgoed- en waswater benut word.

Die Tuinbouklub wil graag 'n sinvolle bydrae lewer om nood te verlig en meer en meer huishoudings aanmoedig om selfs op hulle klein erwe met beperkte bronne eie groente te plant. Hopenlik sal die vreugde van iets, wat self geplant is, te sien groei en vrug dra meer mense aanmoedig om self groente te verbou.

English - The Universal Language

Hotel, Zurich:
BECAUSE OF THE IMPROPRIETY OF ENTERTAINING GUESTS OF THE OPPOSITE SEX IN THE BEDROOM, IT IS SUGGESTED THAT THE LOBBY BE USED FOR THIS PURPOSE.

MURRAYSBURG HOëRSKOOL "KOOR" WEER OP DREEF

Op die foto hier langsaan, Murraysburg Hoërskool se koor van 37 lede met hulle Administreerder Mnr Verney Paint en koorleier Mnr Martin van Rooy wat op 4 November in die Murraysburg se Stadsaal opgetree het.

Volgens Paint benodig die koor meer ondersteuning vir die jong asemrowende stemme van die skool. As daar iemand is wat wil enige bydra lewer, voel asb vry om die skool te kontak.

Volgens Van Rooy "is ons doel om 'n eenvormige koordrag te kry en om die dissipline van die skool op standaard te kry". Ook om meer lede te kry en om die skoolkinders se sang talent te bevorder.

Daar word beoog om volgende jaar 'n groot koor kompetisie te hou. Belangstellendes kan die skool kontak by 049 844 0027 of faks 049 844 0006.

Johnadene du Plooy

Len Viljoen raak oues van dae

Murraysburg – Die 31-jarige blinde gospelsanger, Len Vil-joen, het tydens sy gratis optrede op 25 Oktober in Huis Spitskop die oues van dae inspireer en hulle laat besef hoe gelukkig hulle is, ten spyte van die aftakeling van die ouderdom, om te kan sien.

Viljoen, wat blind gebore is, is 'n gekwalifiseerde reke-naarprogrammeerder, maar beoefen sy beroep slegs deeltyds omdat hy die afgelope dertien jaar geroepe voel om as vol-tydse gospelsanger op te tree. Hy skryf sy besielende liedjies self en onderneem met die hulp van sy vader, André, toere na alle uithoeke van ons land. Tydens sy huidige toer is o.a. Colesberg, Murraysburg, Graaff-Reinet, Noupoort en Middel-burg besoek.

Ten spyte van die besondere uitdagings van sy gesig-gestremdheid leef Viljoen voluit en het hy vir 'n hele aantal jare op die bestuur van Blind SA gedien. Tans dien hy op die Beheerliggaam van die Instituut vir Blindes.

Sedert die begin van sy bediening het hy al meer as 1300 op-tredes in verskeie kerke regoor ons land gehad. Hy tree ook dikwels in ouetehuise op. Ten spyte van sy gestremdheid leef hy voluit en raak hy gehore met sy entoesiasme en passie. In Murraysburg het hy en sy vader die toehoorders aan-gemoedig om in hulle optrede jeens mekaar daarna te streef om meer soos Jesus te wees.

Elkeen wat hom hoor, word deur sy optrede verryk en ver-sterk en die Murraysburgers wens hom alle seën op sy bediening toe.

Gemeenskap kuier op rolbalbaan

Murraysburg – Die rolbaldag op Saterdag 29 Oktober gereël deur Gerda Olivier en 'n komitee van die NG-kerk, was groot pret en 'n uitstekende geleentheid om hegter bande te smee. Aangesien die kompetisie nie tot gemeentelede be-perk was nie en dit goed deur nie-gemeentelede ondersteun is, kon daar lekker saamgekuier word.



Die heerlik matige somerweer het natuurlik veel tot die sukses van die dag bygedra en diegene, wat hul verbeel het dat hulle té oud is om deel te neem, het die spelers, wat die spel ernstig opgeneem het, aan-gemoedig en die saamwees geniet. Aangesien daar in elke span ge-soute, sowel as heel onervare spelers was, was daar op en van die baan baie pret.

Die wenner van die spinnekop was Marcel van Heerden, terwyl Izak van der Merwe van Badsfontein Jos Cloete as langarmkampioen ont-troon het. Jacques Theron en sy span Hardus Theron, Tiny Herholdt en Elsabé Louwrens was derde na Kalie van Heerden en sy span be-staande uit Gwen Southbey, Frans Retief en John Swanepoel. Neil Retief, Christa van Heerden, Rykie en Phil de Klerk het met die louere weggestap. Retief se spanlede het egter ruiterlik erken dat hulle dit nooit sonder Retief se goeie spel sou vermag het nie.

Toe die koel aandluggie veral die dames na binne dryf, het verskeie mans om die braaivleisvuur saamgedrom, terwyl ander die Haaie of die Leeus in die klubhuis aangemoedig het. Die mooi gedekte tafels en heerlike kos het verder tot die goeie gees bygedra en almal was dit eens dat hierdie jaarlikse instelling 'n kosbare Murraysburg–tradisie is. Hartlik geluk en dankie aan Gerda Olivier en haar helpers!

Aan die begin van die somer het dié groep seuns bewys wat hulle regtig in hulle het. Dans is vir hule 'n passie. Hulle is bekend as die "SOET SEUNS" naamlik Alvin Haarvoor, Iron Ortman, Jaco Adams, Christopher Basson, Martino Van Rooy, Godwin Kolela en Emile Hofheman. Die persoon agter die skerms is Mnr. Neil Lategan wat help met die oefening en reëlings van 'shows' en die klankstelsels. Volgens mnr Lategan "is hulle mikpunt om die skool kinders geleentheid te gee om dans en te sing en hulle talente te beoefen, en om veral vir die minderbevoorregte kinders 'n kans te gee. Maar die uitdagings wat hulle in die gesig staar, is fondse en tyd vir oefening. Hou hierdie groepie seuns dop – hulle gaan nog die dorp verras!

Johnadene du Plooy

'Virus Friend'

This is a living friend called aids
We are all mostly godly Christian
Human beings do not really listen
Virus friend is on a higher stage

I ask stop being a hooker
You are still a scholar
Everybody has told 'err
Since you were young, now you are older

I ask you to go to a clinic
If you know something's wrong or you feel sick
Go before it's too late
Go before the condom break'

Boys please I beg you to wait
Boys please do not rape
Boys please get tested
Boys please you can get infected

Girls please you are a lady
Girls please you can get a baby
Girls please I beg you, you need to study
Girls please you know there is no money

I pray – I hope you help us God
For the future's sake there is no job
People do agree
But they still get HIV

I hope the disease can get a cure
I hope the disease will disappear
O Lord help us please
O Lord help us with this disease

By Johnadene du Plooy

GROOT UITGAWES EN SWIER ONNODIG

Murraysburg – Die laaste VLV-program van die jaar, wat in Winifred Grobler se mooi tuin op Brakvlei aangebied is, het die lede geprikkel om hierdie Kersfees deur hulle kreatiwiteit sonder groot uitgawes 'n atmosfeer van dankbaarheid en wonder te skep.

Maretta Theron, koördineerder van die program, het tereg opgemerk dat ons nie in slaafse navolging van Europa moet poog om hier in die Karoo 'n sogenaamde wit Kersfees te wil vier nie. Deur nuut te dink en dit wat eie aan ons leefwêreld is, te gebruik, kan ons, soos Koos du Plessis dit so mooi in sy lied "Somerkersfees" stel, die wonder van Sy allesomvattende liefde, wat gestalte deur die geboorte en later dood van Sy Seun gekry het, gedenk.

Theron,Wilna Pienaar en Miemie van Heerden het enkele funksionele, maar mooi selfgemaakte kersversierings gedemonstreer. Vir die Adventstyd het Pienaar 'n krans van wilgertakkies gevleg. Druiwelote kan ook gebruik word. Van Heerden het gedemonstreer hoe eenvoudige sterre van reguit stokkies, raffia en kleurvolle rooi, groen en wit materiaalstrokies gemaak kan word. Pragtige engeltjies, van afvalmateriaal gemaak, met skitterhare van "goldilocks" potskuurders lyk feestelik, terwyl mooi harte en sterre uit afvalhout gemaak kan word. 'n Droë garingboomblom of 'n kersboom gemaak van houtsparre, wat bo saamgevat en onder aan horisontale sparre vasgemaak word, kan feestelik met selfgemaakte versierings getooi word. Met spuitverf kan verskeie sade en dennebolle 'n gedaantewisseling ondergaan en bydra tot 'n eie, aardse kersboom, wat die liefdesboodskap oordra. In plaas van duur geskenkpapier te koop, wat net weer in die asblik beland, kan geskenksakkies van ongebleikte linne of ander afvalmateriaal gemaak en met borduur- of appliekwerk versier word. Hierdie sakkies kan weer nuttig gebruik word, soos byvoorbeeld vir skoene wanneer daar op reis gegaan word.

Michelle Cloete, jong boervroutjie van De Vlei, het uitdrukking aan haar dankbaarheid oor soveel seëninge deur 'n lofprysingsdans by die musiek van die lied "Genade onbeskryflik groot" gegee terwyl 'n voorlesing van Maretta Theron die lede weer eens laat besef het wat met onvoorwaardelike liefde en opregte deernis bereik kan word.

Vier lede, Margaret Booyse, Adrie Conradie, Elana Grobler en Renée Louw, ontvang geskenkies omdat hulle gedurende die afgelope jaar elke vergadering getrou bygewoon het, terwyl Alna Theron, wat altyd bereid is om op besonder kreatiewe wyse meer as haar deel te doen, aangewys is as vonkelvrou van die jaar.

In haar bedankingswoorde aan die lede en veral die bestuur vir hulle ondersteuning en entoesiastiese samewerking noem die uittredende voorsitter, Renée Louw, dat 'n gebrek aan geesdrif plooie op die siel veroorsaak. Johanna van der Merwe, 'n voormalige sirkelpresidente van Noord-Karoo, wens Louw geluk met die suksesvolle afhandeling van verdere studies te midde van haar vol program as skoolhoof, terwyl Maretta Theron haar namens die bestuur en lede vir haar leierskap en voorbeeld as innoverende VLV-lid bedank.

Gedurende 2011 het die lede van Murraysburg se VLV op prettige wyse baie geleer en beoog om onder die voorsitterskap van Theresa Troskie in 2012 hierdie kennis te deel en meer uit te reik.

WHICH ARE YOU?

Some members keep a branch strong, while others join just to belong
Some dig right in, some serve with pride, some go along just for the ride
Some volunteer to do their share while some lie back and just don't care
Some always pay their dues ahead, some get behind instead
Some do their best, some build, some make, some do nothing but only take
Some lag behind and let things go, some never help their branch to grow
Some drag, some pull, some don't some do

Consider which of these are YOU …

Author Unknown

‘SNEEUBERG BICYCLE CRAWL’

Wanneer : 3 Desember 2011
Registrasie : vanaf 05h00 - 05h45
Inskrywingsfooi : R50
Wegspring : 6h00
Waar : Murraysburg - Die vertrekpunt is by die skougronde

Afstande:

100km : 60km grondpad en 40km teerpad
50km : 40km grondpad en 10 km teerpad
32km : 22km grondpad en 10km teerpad

Kontant prysgeld in totaal: R5650!

Kom "Crawl" saam **- Medaljes vir almal wat in die gees van die "crawl" deelneem!**
‘Lucky draw’ en verrassings - Bring julle vriende en familie. Kom "crawl", gesels en geniet die pragtige natuurskoon van die Sneeuberge.

Kontak besonderhede

Kay Hesselink : 049 854 9113
Theronnie Van der Merwe : 049 852 9113
E-pos : trouberg@vodamail.co.za

Gaan na www.murraysburg.co.za en kliek op ‘Calendar’ vir meer besonderhede oor die reëls en prysgeld

DIE IDEALE KERSGESKENK!

vir elke Murraysburger, oud-Murraysburger en vriend van Murraysburg

MURRAYSBURG 150 JAAR

Die boek handel oor Murraysburg se geskiedenis van 1855 - 2005. Dit bestaan uit tien hoofstukke oor die voorgeskiedenis, die dorp, die distrik, reg en orde, vervoer en kommunikasie, onderwys, die kerke, kultuur- en sosiale lewe asook sport. Elke hoofstuk is opgehelder met interessante anekdotes, foto’s en illustrasies.



200 bladsye. Register van persone en plase. Beperkte oplaag. Prys: R250 (plus R30 vir posbestellings).

Murraysburg 150 jaar is beskikbaar by Die Kweper-laan, koffie- en geskenk-winkel, op die hoek oorkant Kays Kafee op Murraysburg. Dit kan ook bestel word by Alida Pienaar, sel 082 599 0366, en Charl Conradie, epos cfconradie@gmail.com